

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Hospitaal

Helderberg Hospitaal spreek hul hartlike dank uit vir die betrokkenheid en omgee van die kerk en die liewe lidmate oor die afgelope jare. Daar is ook groot waardering vir die pakkies wat afgelewer word. So dan ook vir finansiële donasies daarvoor en vir almal wat help print, knip, plak en pak. Ons kan steeds nie die pasiënte besoek nie, maar hulle sal graag ons geskenkpakkies met 'n kort geestelike boodskappie daarop, vir hulle uitdeel. Ons fokus kan dus weer terugskuif na die pasiënte, maar ons sal wel soms die personeel bederf met 'n verrassinkie. Verdere donasies wat waardeer sal word, is:

- **geestelike boeke vir oud en jonk**, wat deurlopend in sale versprei sal word.
- **klerasie ook vir oud en jonk**, asb. reeds gewas, gestryk en gevou.

Alle donasies kan by die kerkkantoor afgegee word. Ons herinner net dat **finansiële donasies** vir die projek asb. aangedui word met

verwysing: Helderberg Hospitaal.

Ons waardeer die voorbidding en betrokkenheid van almal.

Lynette Jacobs, Projekleier: Helderberg Hospitaal

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Babas

Baie dankie vir die geleentheid om weer Helderberg Babas se behoeftes aan die gemeente bekend te maak.

Vir baba-versorgers se teetyd:

Beskuit/koekies, langlewe volroom melk, suiker.

Algemeen: Sneesdoekies, baba-afveedoekies (wipes) – *sensitive* soort, watte bolletjies/plat ronde watte sirkels.

Nogmaals dankie vir Moedergemeente se oorweldigende ondersteuning en omgeeharte. Bydraes kan asb. by die kerkkantoor afgegee word.

Vir verdere navrae: Werner en Tania Schultz - 084 717 0660

Tee na die eredienste

Daar sal nie tee bedien word na die eredienste oor langnaweke en gedurende skoolvakansietye nie. Volgende geleentheid,

Sondag 24 Julie 2022.

Dankie aan Elisma en Lynette wat aan die roer van sake staan.

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

Geen kategese gedurende die skoolvakansie.

Volgende geleentheid: 24 Julie

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
24 Jul	Gesinsdiens: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner

'n Vriendelike uitnodiging na
Helderberg Uitreik se
Jaarvergadering:
25 Julie 2022, om 18:15 by
Helderberg Gemeente
Firmountweg 82, Somerset-Wes
Bevestig asb teen 20 Julie 2022
na louise@nghelder.co.za en
dui getalle aan asb.

Helderberg
UITREIK

Spreeker: Nelis Janse van Rensburg

Tema: Helderberg Uitreik as voertuig om die kerk se missionale taak uit te leef.

